# KOMMUNIKAMMA 9 NOVEMBER

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**
Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**
**Sondag 9 November**
**09:00 KERSSANGDIENS (KLASSIEK)**
**10:00 KATEGESE**
**18:00 LEEF@KERK ('n ruimte vir Graad 8-12 kinders)**

**Tema:** Uit God se gee, vloei ons gee.

**Die bedienings dankoffer in die houtkassies gaan vandag vir Sinodale Dankoffer: Getuienis**

**Uit God se gee, vloei ons gee.**
In die voorportaal staan twee kersbome waar jy kan gee uit dankbaarheid. Die groot groen boom in die middel is vir MTR Smit. Neem 'n kaartjie per persoon of per gesin en bring daardie items saam kerk toe of kom gee dit in by die kerkkantoor. Hierdie donasies gaan vir die dogters van Huis 9 en dit wat oorbly, sal ons verder versprei waar daar nood is. Kaartjies sal tot Kersdag beskikbaar wees.
Die kleiner wit boom naby die moederskamer is vir Forever Family Homes, plek van veiligheid. Die kaartjies aan daardie boom het 'n naam en ouderdom op. Kies iets uit jou hart wat jy dink daardie persoon of kind mag nodig hê en wat hy of sy met niemand hoef te deel nie. Draai die geskenkies toe, merk dit duidelik en kom plaas dit terug onder die boom voor of op Sondag 14 Desember.
**Neem asb. kennis dat indien jy 'n kaartjie vat jy asb. daardie item/geskenk moet bring, veral by die Forever Family boom. Indien jy nie daarby gaan uitkom nie, vra ons dat jy asb. die kaartjie weer aan die boom kom hang. Wanneer jy iets vir MTR Smit skenk, bring ook die kaartjie terug sodat dit weer aan die boom teruggesit kan word. Kontant bydraes kan by die kerkkantoor inbetaal word maar moet net duidelik aandui dat dit vir MTR Smit of Forever Homes kersboom gaan.**

**Maandag 10 November**
**12:45 GEBEDSKILD**
Gemeente gebedsgeleentheid in gebedslokaal. Almal is welkom.

**Woensdag 12 November**
Begrotings by kerkkantoor

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**

Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek asb. ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**Donderdag 13 November**

**10:30 FONTEINVRIENDE SOMER-KERSFEES**

Al die afgetrede mense is welkom om 'n oggend van musiek en 'n heerlike middagete te kom geniet op Donderdag 13 November om 10:30 by die kerksaal. Indien jy vrae het of nog nie aangedui het dat jy kom nie, kontak asb. met Linda Rossouw by sel: 082 402 4396.

**Vrydag 14 November**

**05:00 MANNEGROEP**

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205)vir meer besonderhede.

**KERSMARK**

Die gemeente bied eerskomende naweek, 14 en 15 November 'n Kersmark in die kerksaal aan.
Die mark is op Vrydag oop van 15:00-20:00 en Saterdag van 08:00-13:00.
Behalwe vir al die stalletjies, gaan daar ook heerlike hamburgers, sosatierolle, boereworsrolle, kerrie vetkoeke en pannekoek te koop wees. Daar is vandag in die voorportaal bestelvorms vir eetgoed beskikbaar.

Stalletjies is beskikbaar teen R 250.00 elk wat 'n tafel en twee stoele insluit. Die inskrywingsvorm is by die kerkkantoor en op die webwerf beskikbaar. Kontak Marisa van Wyk (082 493 6258) of die kerkkantoor vir meer inligting of om jou stalletjie aansoek in te dien.

**Sondag 16 November**

**09:00 KERSSANGDIENS (EIETYDS)**
**10:00 KATEGESE AFSLUITING**
**18:00 LEEF@KERK ('n ruimte vir Graad 8-12 kinders)**

**GEBEDSAKE:**

- Fonteinvriende Somer Kersfees byeenkoms
  Kerssangdienste vandag en volgende Sondag
- Matrieks en almal wat eksamen skryf.
- Beplanning vir 2026.
- Buddy van der Merwe wat siek is. Vir sy vrou Marlize en familie.
- Naomi Meyer is in die hospitaal.
- Linda en Sakkie Rossouw se seun, Hermie, wat kankerbehandeling kry.
- Al meer mense, ook in ons gemeente, wat materieel swaarkry. Dit lei dikwels ook tot geestelike en emosionele swaarkry. Dat werklose mense sal werk kry.
- 'n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Vir Goddelike ingrype.
- Dat die vredesproses in die Midde-Ooste sal slaag.

**THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK**

Vandag is die Internasionale Dag van Gebed vir die Vervolgde Kerk en gelowiges wêreldwyd verenig in gebed vir ons broers en susters wat te midde van vervolging lewe. Vandag bid ons dat hulle die Goeie Nuus sal VERSPREI deur middel van hulle kragtige getuienis.

**FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK**

Indonesië het die grootste Moslembevolking in 'n enkele land en baie van hulle weet nie van Christenradio se bestaan nie. Nou het FEBA Indonesië 'n nuwe bediening deur sy "*Outside Broadcasting (OB) van*" van stapel gestuur, wat die evangelie na stadstrate en landelike gebiede toe neem. Die span voer onderhoude met mense op straat, raak betrokke by mense wat nog nie luisteraars is nie en doen regstreekse uitsendings van

byeenkomste soos Christelike konserte of feeste. Bid vir FEBA Indonesië se span waar hulle hierdie nuwe uitdaging aanpak en vra God vir 'n groot oes.

**WERK GESOEK**

2 vroue in ons gemeente  soek dringend werk – die een het boekhou ervaring en die ander 'n maatskaplike werk agtergrond. Vir navrae of om die vrou met boekhou ervaring se CV te bekom, kontak met Piet Spies by sel: 084 491 1213. Om meer inligting oor of die CV van die ander vrou te bekom, kontak ds. MG.

**NUWE LIDMATE**

Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet.  Daar is in die voorportaal 'n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op "Kontak ons" reg onder die gemeente logo. Vul die "Nuwe intrekkers" vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**TIENER STAPTOER 2-4 DES**

Ons gemeente se tieners gaan vir die vierde jaar in 'n ry saam met Lorraine en Sherwood gemeente se tieners op 'n staptoer. Tussen die drie gemeentes gaan daar meer as 60 kinders op die staptoer. Die inskrywings vir die kinders het gesluit, maar Ds Toit is opsoek na Volwassenes/Studente om saam te kom. Ons gebruik Eersterivier as basis vir die kamp. Kontak hom gerus vir meer inligting.

**VERJAARSDAE VIR DIE WEEK**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 9 November | Manana Alting, Amanda Lingenfelder, Karlien Smit, Hannetjie van Ryneveld, Linda van Zyl en Alex Wentworth |
| 10 November | Colleen Botha, Zulay Jonker, André Kirchner, André Lotter, Lara Nell, Gizelle Pieterse en Marius Thiart |
| 11 November | Carli Human, Tienie Myburgh, Heila van der Merwe, Kristen van Rooyen en Marnus van den Heever |
| 12 November | Poen Odendaal en Liesl Strydom |
| 13 November | Charmaine Beetge, Rozelle Terblans, Leonard van den Berg, Debah van Eeden, Hester van Heerden en Mareli van Tonder |
| 14 November | Natasha de Klerk, Lourens du Plessis, Gerhard Moolman, Isabella Rossouw en Karel van Niekerk |
| 15 November | Sonja Dreyer, Nicole Hamilton, Dalaine Nel en Zanie Vlok |

***Ons wens Christina de Preez, wat op Donderdag 6 November 90 jaar oud geword het, geluk.***

**TIENDEMAAND DANKOFFER**

Ons tiendemaand-dankoffer is 'n geleentheid om die Here te dank, die gemeente se bediening te ondersteun en hoop aan ander te bring. Laat ons, as God se fontein van liefde, saam dien - dankbaar, blymoedig en tot eer van die Here!

Ons begroot hierdie jaar vir R330 000 vir die Tiendemaand dankoffer en wil graag die insameling teen einde November afsluit. Ons het reeds R 194 942.15 ontvang.

Dankie vir jou dankbare diens, harde werk en bydraes deur die jaar.

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005

SnapScan